# DIE OPENBARING IN DIE PARADYS.

In aansluiting by my vorige stuk: „Openbaring en Skepping," sien KOERS Junie 1938, laat ek hier volg aan die hand, onder meer van Prof. Aalders se boek, 'n paar gedagtes oor die Openbaring in die Paradys.

a) Soos reeds vroeër gesê, verstaan ons onder openbaring: „bekendmaking van die verborgene deur dade en verklarende woorde." As God die Here iets doen, laat Hy Sy *Woord* daardie *daad* vergesel, opdat die mens sal weet en verstaan wat sy Skepper-Vader wil. Die sonde het hierdie openbaring *te meer* onontbeerlik gemaak. Nie in die sin dat God daartoe verplig sou wees nie, maar daarsonder sou die gevalle mensheid in volstrekte onkunde aangaande God in die geestelike wêreld voortgeleef het.

In die Paradys het Hy sy wil, sy gedagtes, deur *toespraak, inspraak* of andersins aan die eerste mensepaar bekend gemaak. As die Here gebied: „Wees vrugbaar en vermenigvuldig en vervul die aarde . . . . "; of vir die mens sy taak aanwys: „Onderwerp die aarde en heers oor die visse van die see . . . ," dan is dit *openbaring, bekendmaking* van die Skepper se wil aan die mens.

Presies so is dit met die proefgebed in Gen. 2: 16, 17 gestel. Ná die val het die Openbarings*vorm* en inhoud wel verander, maar die saak self het nie opgehou, oormits die Here bly *doen-spreek* het tot die mensheid. Hierdie openbaringswerksaamheid het geskied deur middel van die *„woord."*

Wat moet ons onder „woord" hier verstaan? Af anders gesê: het die openbaring hier deur *inspraak* of *toespraak* tot Adam gekom? Dr. Kuyper onderskei in Sy Ensyclopedie tussen die twee aldus: by *inspraak* word die stem van die Here as *van binne-fluisterend* verneem, terwyl by die *toespraak* 'n gewaarwording ontstaan, dat die klanke *van buite* kom. In Gen. 3: 9-19 het God Adam, Eva en die slang seker van buite af hoorbaar *toegespreek* en gevonnis. Dus het die openbaring *hier* tot die betrokkenes gekom nie by wyse van *influistering,* met verbygaan van die gehoor-orgaan nie, maar uitwendig en hoorbaar deur 'n gesproke Godswoord. Reeds vs. 9 stel elke ander opvatting hier as misplaas voor, waar ons lees: „Toe roep die Here God na die mens en sê vir hom: waar is jy?

b) 'n Volgende punt van belang in die verband is die oorsprong van die menselike *taal.* Die uitwendige openbaring onderstel, dat daar in die Paradys van taalklanke gebruik gemaak is,—gesproke en verstaanbare klanke. Want Adam en Eva het volgens vss. 10, 12 en 13 die Here ook van antwoord gedien.

Nou is die vraag: *vanwaar die taal by die eerste mensepaar?* Blykeus die Skrif werd Adam en Eva nie alleen volmaak en volwasse geskape nie, maar kon hulle ook *daadlik geartikuleerde* klanke laat hoor. Ons neem dus aan, die *taal* is 'n Skeppingsgawe, en geen kind van moeder „Evolusie" nie, net so min as wat die verskillende geluide by die onderskeie diersoorte dit sou wees. Die taal behoort dus tot die *wese* van die mens, en onderskei hom wesenlik van die *redelose* dier.

Prof. Dr. Woltjer, skrywende oor „Het Woord, zijn oorsprong en zijne uitlegging," sê: „De groote vraag, waar alles op aankomt, is deze: is net menschenwoord langs den weg der evolutie uit de uitingen, die het dier aan zijn voorstellen, voelen en willen geeft, opgeklommen, of is het uit de prototype, in het Goddelijk wezen zelf bestaande, door de Schepping afgedaald.

Die vraag beantwoordt geen wetenschap, maar geloof of ongeloof. Wat mij aangaat, ik vind geen ander antwoord, dat mijn hart en mijn verstand bevredigt, dat aan mijn willen richting geeft, dan dit éene: het woord des menschen is alleen daardoor te verklaren, dat hij is van Gods geslacht, geschapen naar het beeld van Hem, bij wien het woord was, eer het als Scheppingswoord aller dingen zijn en wezen bepaalde; die door het *Woord* verlicht een iegelijk mensch, wanneer hij komt in de wêreld, en hem bekend maakt, wat zijne gedachte zij (Amos 4: 13); die Zijn Woord legt in den mond van profeten en apostelen, en als geschreven woord doet blijven tot aan het einde der eeuwen." Watter taal die éérste was op aarde, weet ons nie. In Gen. 11: 1 lees ons: „En die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde waarde." Maar vs. 7-8 gee vlak daarop aan, dát en hóe die ontstaan van baie tale uit die een worteltaal plaas gevind het, deurdat God naamlik die geeste en mitsdien ook die spraak verwar het. Sommige meen Hebreeus was die eerste taal; ander spreek van 'n hemeltaal, en bring dit in verband met die tale-wonder van Pinksterdag ens. Maar feit is, dat die Skrif self hier geen uitsluitsel gee nie.

Per slot van rekening gaan dit die Godsopenbaring nie allereers om die taal*vorm* as wel om die taal-*gedagte*. In 1 Kor. 14 laat Paulus die nadruk ook nie val op die „vreemde," die aksidentele, maar wel op die *konstante,* die essensiële, die profesie of onderwysing, wat deur almal verstaan kan word. Vandaar sy woord: *tale*—hulle sal ophou. 1 Kor. 13: 8.

c) Naas die *Woord-openbaring* of uitwendig hoorbare *toespraak* in die Paradys, vind ons nog ander aanwysings vir die goddelike openbaringswerksaamheid aldaar.

As ons in Gen. 2: 15 lees, dat „die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel het, om dit te bewerk en te bewaak"—

dan word 'n feit meegedeel, maar nie deur 'n in woorde uitgedrukte *toespraak* nie. En tog sal die Here dit seker wel aan die mens daarby *gesê* het, dat hy die besondere taak in die toekoms moet vervul.

Presies so ook in die geval van Gen. 3: 23, 24 by die uitdrywing uit die tuin. Ook hier was seker *toespraak* in die vorm van 'n uitwendige bevel. Hieruit blyk, dat daar in die Paradys veel meer deur God en deur die eerste mensepaar gespreek werd, as wat in die Bybel letterlik opgeteken staan en gewoonlik deur ons vermoed word.

Ons verstaan dus hierdie Skrifwoord: „En daar is nog baie ander dinge, wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boek nie bevat nie." Joh. 21: 25.

d) Nou 'n ander vraag, waaruit sal blyk, dat Adam ook nog 'n andersoortige as die Woord-openbaring (toespraak) te beurt geval het. Hoe het hy aan daardie diepgaande kennis gekom aangaande die wese en die oorsprong van sy vrou? Kennis, wat uiting vind in die bekende woord: „dit is nou eindelik been van my bene, en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem." Terwyl die Here sy vrou uit een van sy ribbebene geneem en geformeer het, was hy tog seker in 'n staat van bewusteloosheid (diepe slaap). Dit lê voor die hand om hier te dink nie aan *toespraak* as orgaan van kennis, maar wel aan *inspraak* of *innerlike verligting* deur God se Gees.

En sy besonder *diere-kennis,* waarvan Adam so uitnemende blyk gegee het in die naamgewing? Gen. 2: 19, 20. Prof. Aalders meen, dit het voortgevloei uit 'n eie „gaaf intuitief-inzicht," waarmee God die mens begiftig het hy die Shepping. Die naamgewing het as 'n toets of proef diens gedoen om uit Adam te laat uitkom, wat God, kragtens skepping in hom gelê het—wysheid, insig, praktiese kundigheid.

e) In Gen. 3: 21 lees ons van die kleding van die gevalle mens deur God. *Hoe* dit hierby presies toegegaan het, vermeld die Bybel nie. Seker wel nie op grof sinnelike wyse nie. Die bedoeling is egter duidelik: God wou die mens met hierdie kledingsdaad tot die insig bring 1) dat hy voortaan sy naakte liggaam met 'n kleed moet bedek, en 2) dat God goedgunstig daarvoor die dier tot sy beskikking gestel het. Die mens mag dus die dier *Sy lewe beneem* om in sy-deur-die-sonde-ontstaande behoefte te voorsien. Of hierdie insig hulle deur *toespraak* of *inspraak* of andersins geskink werd, word nie vermeld nie. Ewewel, die goddelike bedoeling het hulle verstaan langs die weg van openbaring.

f) Uitstaande *feit,* reeds op die eerste Skrifbladsye is: die Here het Hom aan die sondaar-geworde mens nie onbetuig gelaat nie. Hand. 14: 17. Selfs nie toe hulle hulself en al hul nakomelinge deur moedswillige on-

gehoorsaamheid in die grootste ellende gestort het nie. Reeds hier in die Paradys, op die drempel van die lewensbaan, het die Here God al begin met "die baie keer en op baie maniere" van sy heilsopenbaring, soos Hebr. 1: 1 verklaar. Die Here het geen lus in die dood van Sy beelddraer nie. Daar is ook geen verontskuldiging in die dood nie!

I. D. KRUGER.

Bloemfontein.